higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N130**(A)**(N22)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: KORTVRAE		50 punte
AFDELING B: LANGVRAE	(3 × 50)	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... word gebruik om die naaiwerk aan die begin en die einde stewig te maak.

A Bostikwerk
B Agterstikwerk
C Onderstikwerk
D Randstikwerk

1.1.2 Ribbelegsel is 'n ...

A teenstrook
B binnevoering
C rekbare breiband.
D soom

1.1.3 'n Aangemete kledingstuk word gepars ...

A nadat dit voltooi is.
B nadat elke konstruksieproses voltooi is.
C slegs nadat die nate voltooi is.
D voordat die soom gestik word.

1.1.4 Reguit stikwerk, meestal op 'n enkele laag materiaal, net binne die geronde of hoeknaat, wat voorkom dat die nate hul vorm verloor deurdat dit rek.

A Ankerstikwerk
B Bostikwerk
C Onderstikwerk
D Agterstikwerk

1.1.5 'n Naattorringmes is die ideale keuse om ...

A deur skerp hoeke te druk.
B gaatjies/ogies mee te maak.
C toe knoopsgate oop te sny.
D nate los te torring.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 ... is ideaal om merke aan te bring en aanpasverstellings aan te dui.

A Maatbande
B Aftrekwieletjies
C Snyerskryt
D Tandskêr

1.1.7 'n ... is 'n stewig gevulde silindriese kussing wat hoofsaaklik gebruik word om lang geronde nate en nate in baie nou areas te pars.

A Parshandskoen
B Mouplank
C Kleremakersoom
D Naatrol

1.1.8 'n ... rand word geskep wanneer die soomtoelating uitgeskakel word en die onafgewerkte kante deur bandversiering of omboorsel toegemaak is.

A Gevlakte
B Ingeslote
C Omgeslane
D Omgekapte

1.1.9 'n Sak wat los aan die binnekant van 'n kledingstuk hang, terwyl slegs die sakopening se lyn aan die buitekant van die kledingstuk sigbaar is:

A Binnesak
B Opgestikte sak
C Klapsak
D Binnenaatsak

1.1.10 Belegsel wat uitgesny word deur gebruikmaking van 'n patroon volgens dieselfde vorm en op dieselfde draadrigting as die rand wat dit gaan afwerk:

A Kombinasie
B Verlengde
C Skuinsband
D Profiel

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Gerigte materiale moet in een rigting vir snywerk uitgelê word.

1.2.2 'n Gare-insteker vergemaklik inryging van hand- of masjiennaalde.

1.2.3 Afskuinsing is die sny van naattoelatings in verskillende wydtes.

1.2.4 Leer behoort met 'n baie skerp skêr in lang, egalige hale gesny te word.

1.2.5 Spelde moet heeltemal vermy word wanneer leerbaadjies gestik word.

1.2.6 Balpuntnaalde het geronde punte.

1.2.7 'n Gebinde ('bound') knoopsgat is die geskikste sluiter vir die band van 'n man se langbroek.

1.2.8 'n Kontoerpylnaat is 'n lang pylnaat wat by die middellyn pas.

1.2.9 'n Franse naat kan gebruik word wanneer 'n ritssluiter ingesit word.

1.2.10 'n Amerikaanse skouerstuk maak deel uit van die voorkant en die agterkant.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Pylnaat wat oorkruis op 'n synaat verleng	A	rygplooitjies
1.3.2	Lusse	B	skeringdraad
1.3.3	Ingesitte mou	C	skuins strook
1.3.4	Verhoed dat materiaal deurskyn	D	hempkraag
1.3.5	Wegneem van volheid	E	stopsel
1.3.6	Mou met 'n pylnaat op die skouer	F	balkhegsel
1.3.7	Onderkraag	G	Franse pylnaat
1.3.8	Tipe steek	H	binnevoering
1.3.9	Strook wat gebruik word om die onafgewerkte rand van 'n kledingstuk af te rond	I	raglanmou
		J	tweestukmou
1.3.10	Tipe kraag wat aan een kant opstaan en aan ander kant afwaarts wys	K	hegstuk

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Sak in 'n naat van 'n kledingstuk

1.4.2 Opgestikte sak met geen bostikwerk sigbaar nie

1.4.3 Opening in die middel agter by 'n romp

1.4.4 Geskikte sluiter vir manslangbroek

1.4.5 Pyltjie wat parallel met die selfkant vasgesteek word wanneer patrone uitgelê word

1.4.6 Boonste rand van sak is in die gordel.

1.4.7 Tipe materiaal wat in plat en tubulêre vorms beskikbaar is

1.4.8 Skuins stroke vir dekoratiewe doeleindes en afwerking op kinderklere

1.4.9 Spons wat 'n spesifieke vorm aanneem na gelang van die styl van die kledingstuk wat op die skouer lê

1.4.10 Materiaaltonnel wat gemaak word om rek of 'n intrekkoord te omsluit.

(10 × 1) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Benoem elk van die volgende sketse van manskledingstukke:



(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Omskryf die term *mouboordjie/mansjet*. (2)

2.3 Noem DRIE gehaltestandaarde vir mouboordjies/mansjette. (3 × 2) (6)

2.4 Wat is 'n *ankersteek*? (3)

2.5 Noem VIER masjiensteke wat geskik is vir breistof. (4 × 2) (8)

2.6 Bespreek DRIE algemene gebruike van ribwerk. (3)

2.7 Watter TWEE voorsorgmaatreëls kan voorkom dat nate in breidrag te veel rek? (2 × 2) (4)

2.8 Noem TWEE tipes gerigte materiale. (2 × 2) (4)

2.9 Gee TWEE voorbeelde van middellyf-afwerking. (2)

2.10 Noem VIER tipes belegsels. (4)

2.11 Noem TWEE gehaltestandaarde vir belegsels. (2 × 2) (4)
[50]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende skets van mansjeans en beantwoord die vrae.



3.1.1 Identifiseer die tipe hegstuk. (1)

3.1.2 Onderskei tussen die tradisionele oorslagrigting vir mans- en vroueklere. (2 + 2) (4)

3.1.3 Identifiseer die tipe middellyf-afwerking. (1)

3.1.4 Noem die tipe materiaal wat geskik is vir die maak van die broek. (1)

3.1.5 Identifiseer die soomafwerkingsteek wat gebruik is. (1)

3.1.6 Wat is die doel van die lusse op die gordel? (2)

3.1.7 Noem die styl van die broek. (1)

3.2 Noem TWEE gehaltestandaarde vir gare. (2 × 2) (4)

3.3 Bespreek TWEE dinge wat oorweeg moet word wanneer jy 'n breistof kies. (2 × 2) (4)

3.4 Watter VYF maniere kan gebruik word om die hoeke van 'n opgestikte sak te versterk? (5 × 2) (10)

3.5 Wat is die verskil tussen *ondervoering* en *binnevoering?* (2 + 2) (4)

3.6 Noem VYF tipes stryktoerusting wat vir effektiewe snyerswerk/kleremakery benodig word. (5)

3.7 Wat is die doel van strykwerk in snyerswerk/kleremakery? (2)

3.8 Noem VYF tipes hegstukke/sluiters. (5)

3.9 Noem VYF tipes sakke. (5)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE tipes ritssluiters. (3)

4.2 Gee EEN gebruik vir elke tipe ritssluiter wat in VRAAG 4.1 genoem word. (3 × 2) (6)

4.3 Beskryf 'n skouerstuk. (2)

4.4 Gee die doel van 'n skouerstuk. (2)

4.5 Noem VIER tipes mouafwerkings. (4)

4.6 Gee DRIE tipes krae. (3)

4.7 Gee EEN voorbeeld van elke tipe kraag wat in VRAAG 4.6 genoem word. (3)

Kopiereg voorbehou

4.8 Omskryf elk van die volgende begrippe:

4.8.1 Steek by hoeke

4.8.2 Afgemete hoeke ('metred corners')

4.8.3 Sakstof

4.8.4 Stopselsteke ('padding stitches')

4.8.5 Skadusteke ('shadow stitching')

4.8.6 Binnevoering

(6 × 2) (12)

4.9 Skets en benoem DRIE tipes moue wat geskik is vir 'n jas. (3 × 5) (15)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou